Bidure?

Prof B J Engelbrecht

Dikwels vra lidmate van ons kerk die vraag waarom sommige ander kerke gereelde bidure het, en ons nie? Hierdie vraag word veral in Pinkstertyd gevra, wanneer ons vriende en bure gereeld na die Pinksterbidure gaan en wanneer die koerante en radio daagliks ook in hierdie verband ruimte en tyd afstaan. Maar hierdie vraag raak nie net die Pinksterbidure nie – dit is ook 'n vraag wat betrekking het op ander bidure byvoorbeeld weeklikse of maandelikse wyksbidure, bidure van kerklike liggame, die vroeë bidure voor nagmaalsvierings, ensovoorts.

Wat lê agter hierdie vraag?

Eerstens kan hierdie vraag in verband met gereelde bidure in ander kerke 'n vraag wees wat uit gesonde kerklike belangstelling voortspruit. Ons sien in die kerklike lewe van ander kerke sekere gebruike wat van dié van ons verskil, en dan wil ons graag agterkom wat die agtergrond en betekenis van sulke verskille is. Wanneer dít die bedoeling van ons vraag is, is ons vraag goed.

Maar ons vraag kan ook voortspruit uit 'n tikkie selfgenoegsaamheid en hoogmoed in ons godsdienstige lewe. Dan vra ons hierdie vraag nie soseer om agter te kom wat die agtergrond van sulke verskille is en wat die betekenis daarvan is nie, maar dan vra ons die vraag veral met die oog daarop om aan te toon hoe verkeerd dié mense is wat bidure hou en hoe reg ons is omdat ons dit nie hou nie. Wanneer ons die vraag na bidure met hierdie bedoeling vra, openbaar ons nie alleen 'n gebrek aan liefde nie, maar staan ons ook voor die gevaar dat ons meen dat ons so goed is, dat ons kerk die alleensaligmakende gebruik het. Ons moet altyd onthou dat ons – ook wat ons kerk se gebruike betref – nooit selfgenoegsaam mag wees nie, maar altyd ook maar uit genade lewe.

Natuurlik mag ons in die kerklike lewe vra wat reg en wat verkeerd is. As ons dit nie sou doen nie, sou ons 'n gebrek aan geloofserns en geloofsoortuiging openbaar. Maar terwyl ons vra wat reg is en wat verkeerd is, moet ons nie al vantevore daarvan uitgaan dat óns alleen reg is en al die ander verkeerd is nie. Eers sal ons so 'n saak grondig moet ondersoek en ernstige selfkri-

tiek moet uitoefen en ons sal altyd moet onthou dat 'n sekere gebruik vir 'n ander kerk dikwels baie goed mag wees, maar dat ons daardie gebruik nie het nie, omdat ons geskiedenis anders is en omdat ons binne die raamwerk van ons eie kerk en gebruike goeie redes het waarom ons so 'n gebruik nie in ons kerk wil invoer nie.

Ons sal dus in verband met die beoordeling van gebruike in ander kerke wat van ons gebruike verskil, eerstens moet waak teen die hoogmoedige afwysing as verkeerd, van alles wat nie soos ons s'n is nie, en tweedens sal ons moet waak om nie sommer alles klakkeloos en sonder nadenke oor te neem wat by ander voorkom en wat ons nie het nie.

Laastens sal ons moet leer om te onderskei tussen die saak en die gebruik. Dit sal byvoorbeeld nooit genoegsaam wees as ons net sê waarom ons nie bidure het nie en ander kerke wel bidure het. Eintlik sal ons veel, veel dieper moet nadink as die uiterlike gebruik van bidure of nie bidure nie. Ons sal baie grondig moet nadink oor wat die Bybel ons leer oor die wese, die aard, die krag en die troos van die gebed van die gelowige. Die kroon op die bespreking oor die wenslikheid of niewenslikheid van bidure in ons kerk sal eintlik moet wees dat ons in die bespreking so ver gaan vorder, dat ons begryp wat die Bybel ons leer oor die heerlike voorreg van die gebed waarin God aan 'n arme sondaar die vrymoedigheid gee om in die gebed tot Hom te kom om Hom te loof en te dank vir sy goedheid en om al ons nood, kommer, blydskap ensovoorts tot Hom te bring.

Waaraan wil die feit van gereelde Bidure uitdrukking gee?

Soos ons hierbo aangetoon het, is gereelde bidure niks anders as 'n sekere gebruik nie, 'n sekere metode waarop 'n bepaalde kerk met die gebed erns wil maak. Eerstens wil die bepaalde kerk op hierdie manier erns maak met die Bybelse oproep om "sonder ophou te bid" (Kol 1:9, I Thess 5:17). Hierdie kerk weet dat hulle moet "volhard in die gebed" (Rom 12:12, Kol 4:2). Hierdie kerk weet van Jesus wat gedurigdeur tot sy Vader gebid het en selfs nagte in die gebed deurge-

bring het (Luk 6:12); ook van Kornelius wat altyddeur, dag en nag, in die gebed voor die aangesig van God verkeer het (Hand 10:2).
Om nou uitdrukking te gee aan die Bybelse oproep om gedurigdeur te bid, reël die kerk gereelde bidure.
Tweedens weet hierdie kerk dat die gemeente van Christus ná sy hemelvaart dikwels ook saamgekom het om te bid. So lees ons byvoorbeeld in Handelinge 1:14 dat die dissipels na Jesus se hemelvaart in Jerusalem bymekaargekom het en "hulle het almal eensgesind volhard in die gebed". Dieselfde lees ons in Handelinge 2:42 waar die eerste bekeerdes "hulle heelhartig toegelê het op die gebed", en in Handelinge 12:12 "waar baie gelowiges saam was om te aanbid" in die huis van die moeder van Johannes Markus. Hulle het vir Petrus in die gevangenis gebid. In hierdie samekomste in die gebed van die Nuwe-Testamentiese gemeente sien die kerke wat bidure voorstaan, voorbeelde van bidure in die Bybelse tyd. Daarom wil hierdie kerke dat die gemeente saam sal kom om te bid.
Derdens wil die betrokke kerke deur die bidure ook uitdrukking gee aan die Bybelse leer van die krag van die gebed van die gelowiges. Jakobus 5:16 sê dan ook: "Die vurige gebed van die regverdige het groot krag", terwyl ons as voorbeeld uit Handelinge 12 ook weet dat die gebed van die gelowiges wat saam was, Petrus uit die gevangenis verlos het. Paulus laat ook in Romeine 15 vers 13 en II Korinte 1:11 sien dat die gemeente saam met hom stry deur die kragtige wapen van die gebed. Deur die bidure wil hierdie kerke hulle lidmate tot hierdie stryd mobiliseer.

Waarom het ons kerk dan nie gereelde bidure nie?

Indien die kerke wat bidure voorstaan, nou al hierdie Bybelse gedagtes in verband met die gebed deur middel van die bidure tot uitdrukking wil bring, waarom gebruik ons kerk dan ook nie hierdie metode om uitdrukking te gee aan sy gehoorsaamheid aan die Bybelse oproep om gedurigdeur te bid en om klem te lê op die krag van die gesamentlike gebed nie?
Die antwoord is: Ons kerk wil wel aan al die Bybelse gedagtes in verband met die gebed gehoorsaam wees,

maar ons kerk ag die gereelde bidure nie as die gepaste metode om aan hierdie Bybelse gedagtes van die gebed uitdrukking te gee nie.
Eerstens: Ons kerk wil wel gehoorsaam wees aan die Bybelse oproep om sonder ophou te volhard in die gebed. Maar ons kerk meen dat hierdie volharding in die gebed, selfs dag en nag (I Tim 5:5) in die gesin en in die binnekamer deur elkeen persoonlik uitgevoer moet word (Matt 6:6). Ons kerk reken met die sondigheid van die mens en weet dat daar in die biduur die groot gevaar bestaan om partykeer net te bid "sodat die mense hulle kan sien" (Matt 6:5) en dat 'n mens dikwels net "'vir die skyn lang gebede opsê" (Luk 20:47). Ons kerk wil nie sê dat hierdie dinge altyd in bidure gebeur nie, maar ons kerk weet dat die gevaar hiervoor baie groot is en daarom kies ons kerk om liewer nie op die manier van die gereelde biduur aan hierdie opdrag van die Bybel uitdrukking te gee nie. Ons kerk is bang dat ons dikwels deur "'n stortvloed van woorde" (Matt 6:7), of deur die swakheid van diegene wat luister, tot ontstigting van die hoogheilige voorreg van die gebed kan kom.
Tweedens: Ons kerk ontken nie dat die gelowiges bymekaar moet kom om te bid nie; ons ontken ons kerk nie die krag van die vurige gebed van die versamelde gelowiges soos byvoorbeeld in Handelinge 12 beskrywe nie. Maar ons kerk wil hierdie gebed van die vergaderde gelowiges liewer in die geheel van die erediens op Sondae inorden. Daar in die erediens bid die hele gemeente by monde van die voorganger en ook dikwels in die liedere wat hulle in die kerk sing. Luther en Calvyn het alreeds daarvoor gewaarsku dat ons nooit die gebed mag losmaak van die prediking van die Woord nie. Eers waar die prediking van die Woord is, is werklik en waarlik erediens, godsdiens, in die volle sin van die woord. Calvyn het eenkeer gesê: "Dit is beter om liewer nie saam te kom om te sing en te bid wanneer die woord nie gepreek word nie". Gesien hierdie groot gevaar dat ons by die biduur die gebed los kan maak van die prediking van die Woord, wil die Hervormde Kerk liewer die gesamentlike gebed van die gelowiges in die erediens op Sondae inorden. Die gebed is mensewoord; dit is ons antwoord op Gods

Woord. En nou kan daar tog geen antwoord wees sonder Gods Woord nie.

Derdens: Wat die Pinksterbidure betref, is ons Kerk van oordeel dat die Pinksterwonder wel 'n groot Bybelse wonder is, maar dat ons hierdie wonder van die uitstorting van die Heilige Gees nooit mag losmaak van al die ander heilsfeite soos byvoorbeeld Jesus Christus se geboorte, lyding, sterwe en opstanding nie. Nooit mag die Gees losgemaak word van die Woord, van Jesus Christus nie, want dan verval ons in geesdrywery. Nou sê die Hervormde Kerk nie dat die ander kerke sonder meer in geesdrywery verval nie, maar ons kerk weet hier van 'n groot gevaar vir die kerklike en godsdienstige lewe en daarom verkies ons kerk om in die prediking en in die gebed liewer met die hele kerklike jaar rekening te hou, om sodoende aan alle heilsfeite eweveel gewig toe te ken.

Vierdens: Om te waak teen die gevare hierbo genoem en ook om te waak teen die afstomping en vervlakking van die openbare gebed, verkies ons kerk om liewer die gebed soos hierbo beskryf, in die kerklike lewe in te orden. Dit lê in verband met die gebed groot verantwoordelikheid op elke lidmaat en die vraag mag wel ontstaan of ons in ons persoonlike lewe en in ons kerklike lewe met hierdie hoë plig en verantwoordelikheid wel genoeg erns maak?

HAUM Posbus 460, Pretoria